

Kammaland

Vandag gaan ons weer Kammaland toe. Vat mamma se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit!

“Hallo maatjie. Ek hoop dit gaan nog goed met jou! Dit wil vir my lyk of Manie en Nettie vandag weer ‘n nuwe maatjie ontmoet. Kom ons gaan loer.”

“Maat, ek kon nie wag dat jy moes kom nie! Nettie, wat gaan ons vandag vir die maatjie leer?”

“Ek weet nie, Manie.”

“Hoe kan jy nie weet nie, Nettie? Jy is mos altyd so slim! Kom ons twee gaan stap liewer hier op die plaas rond en kyk ‘n bietjie wat ons alles sien. Maat, jy kan saam stap as jy lus voel!”

“Manie, daar sien ek iets baie mooi! Dit is ‘n iii...”

“Nettie wat is ‘n iii...?”

“Ek weet nie wat ‘n mens dit nou weer noem nie Manie! Kom ons vra die ou mooi dingetjie. Wat is jou naam ou mooi dingetjie?”

“My naam is Innie!”

“Innie waaat, ou dingetjie?”

“Innie insek!”

“Ja Manie, sy is ‘n pragtige ou skoelappertjie en ons noem haar Innie insek.”

“Nettie, nou hou jy weer vir jou baie slim! Wat is ‘n insek nou eintlik? Maatjie, kan jy dalk help?”

“Ja Manie, ‘n insek het altyd ses pootjies en bestaan uit drie dele nl. ‘n kop, ‘n bors en ‘n agterlyf. Jy kan mos sien dat ou Innie dit ook het. Sommige insekte het ook vlerke, soos Innie. Dit is dan ook ons nuwe klankie maat! Die **i-klankie**. Dit lyk net soos ou Innie se lyfie, met haar koppie aan die bokant. Onthou ons trek die lyntjie altyd van bo af na onder, lig dan jou handjie op en sit net ‘n klein kolletjie bo-op. Jy kan nou jou eie insek gaan verf, teken of plak. Soet bly hoor!”

Vat weer mamma se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.



